GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

Predikant: 051 436 2930 Posbus 28182
Skriba: 083 475 6777 Danhof
Kantoor: 9310
Telefoon en Faks 051 436 2932
www.gkbfnnoord.co.za E-pos: kantoor@gkbfnnoord.co.za

ALGEMENE GEGEWENS VAN DIE GEMEENTE

INHOUD - : (Klik op verlangde item om skakel te volg)

1. Preke
2. Eredienste
3. Kontakbesonderhede
4. Funksionarisse
5. Katkisasie
6. Hoërskooljeugaksie
7. Bybelstudie
8. Lesotho-uitreikaksie
9. **KERKLIKE BYDRAES**
10. Lidmaat**getalle**
11. **EGSKEIDINGESPREK/DIVORCE CARE/DIVORCE FOR KIDS**

Sondae se Preke

1. NUUTSE PREKE:

Preke van die spesifieke Sondag is op die webblad (mp 3) en vorige Sondae se preke is op CD beskikbaar..

Inligting van die oggend se erediens is in die Nuusbrief (sien tuisblad) beskikbaar.

Gedurende vakansies en langnaweke is daar geen aand-eredienste nie en word die vorige Sondag se oggenddiens onder die aanddiens geplaas.

Daar is ook reekspreke uit verskillende gedeeltes van die Bybel op CD's beskikbaar

Hoe luister ek na die preke ?

Klik op die foto van die preek wat u wil luister.

Hoe stoor ek 'n erediens ?

Regsklik op die foto om die opname van die diens te stoor deur "Save target as..." te klik.

U kan dit stoor in 'n dokumentlêer van u keuse.

2. CD'S BESKIKBAAR:

In die *ingangsportaal is daar 'n versoeklys beskikbaar. U kan dit ook aanvra per e-pos*

*(dirk@cheetahprop.co.za) of deur **082 784 1993** te skakel.*

Vir enige navrae, voorstelle en ander inligting is u welkom om Dirk Coetzee by 082 784 1993 te skakel.

Terug na Inhoud

EREDIENSTE

SONDAE:	Oggend : 09:30 Aand: 18:00 (behalwe skoolvakansies en langnaweke)
GOEIE VRYDAG:	09:00
KERSFEES:	09:00
HEMELVAART:	18:00 (Sien Jaarprogram – Maart, April, Mei)

Terug na Inhoud

KONTAKBESONDERHEDE

KERKGEBOU:	Hoek van Dealeweg en Kiplingstraat
KERKKANTOOR:	Tel en faks: 051 436 2932
E-POS:	kantoor@gkbfnnoord.co.za
KANTOORURE:	Ma: 15:00 - 18:00; Wo: 08:00 – 11:00; Vry 08:00 -11:00
POSADRES:	Posbus 28182, Danhof, 9310
PREDIKANT:	Ds Kobus Botha
EMERITUSPREDIKANT:	Dr Hubrect van Dalsen

Ds Kobus Botha

Terug na Inhoud

FUNKSIONARISSE

ADMIN BEAMPTE SKRIBA EN KOSTER:	Oudl Wikus Vorster
KASSIER:	Br Hannes Fourie
SKRIBA OUDERLINGE:	Oudl Pieter du Plessis
DIAKONIE VOORSITTER:	Diak Marsha Bronkhorst
SUSTERSHULPDIENS;	Ester Botha

ORRELIS: Lourie Coetzee

Terug na Inhoud

KATKISASIE

Graad 1 tot 7 klasse

Hierdie belangrike deel van die Gemeente se werk vind Sondagoggende ná die erediens plaas vir al die Graad 1 tot Gr 7- leerders. Klasse is as volg ingedeel: Voorskools; Gr 1; Gr 2&3; Gr 4&5 en Gr 6&7.

Katkisasie word elke Sondag gehou, behalwe gedurende langnaweke, skoolvakansies en Nagmaalsondae. Op die Jaarprogram kan ouers let op die spesifieke lesnommer wat vir elke Sondag voorberei moet word.

Aan die einde van elke jaar (gewoonlik in Oktober) word 'n katkisasie-uitstappie gereël wat die kinders baie geniet. Raadpleeg gerus die Jaarprogram om seker te maak.

Voorbelydenis- en Belydenisklas

Die katkisasie vir Gr 8-leerders en ook die voorbelydenisklas (graad 9 en 10) word Woensdagaande om 18:15 in die konsistorie gehou. Die belydenisklas (gewoonlik gr 11) volg om 19:15. Kinders wat in skoolkoshuise woon, word na en van die klasse vervoer.

Gedurende Oktober word 'n Belydeniskamp gehou ter afronding van die belydenis-katkisante se werk. Hierdie kamp is nie verpligtend nie, maar almal word ten sterkste aangeraai om dit by te woon.

Omdat katkisasie die toekoms van die kerk op aarde raak, mag ons nooit as kerk of as ouers onverskillig staan teenoor ons Verbonds-verantwoordelikheid nie. Ons versoek daarom die hartlikste samewerking van elke ouer en elke kind ten opsigte van hierdie belangrike saak.

Voorsitter: Katkisasiekommissie:
Diak Henda Smith

Die name van die leerkragte is by die skakel: *Kerkkommissies*

Terug na Inhoud

HOëRSKOOLJEUGAKSIE (HJA)

Die Laerskooljeugaksie is tans dormant, maar die Hoërskool Jeugaksie (HJA) vergader **Woensdag-aande vanaf 18:00 tot 20:00** in die kerksaal. (Vanaf 18:00 tot 19:00 is dit die Gr 11-leerders en vanaf 19:00 tot 20:00 vergader die Gr 8-10's.

Elke jaar tydens die Apriltvakansie kan die Hoërskool-jongmense ’n Jeugkamp, wat deur Klassis Suid-Vrystaat by die see gereël word, bywoon.

Oudl Tian van der Bijl en ander kerkraadsklede neem die leiding.

Terug na Inhoud

BYBELSTUDIE

Daar is drie Bybelstudiegroepe in ons Gemeente. Twee vind plaas op Donderdae om 09:30 en 18:30. Daar is ook ’n derde Bybelstudiegroep wat uit studente en werkende jongmense bestaan. Hulle vergader Woensdagaande om 20:00 ook in die konsistorie ’n Groot aantal studente woon dit gewoonlik by. Gedurende skoolvakansies en op openbare vakansiedae vergader die groepe nie

Ds Kobus Botha lei al hierdie groepe. Die oggendsessie word hoofsaaklik deur huisvroue en pensioenarisse bygewoon. Die aandgroep bestaan uit ‘n groot verskeidenheid van mense. ‘Die boek Handelinge van die Apostels word vanjaar behandel waar n Bybelstudieboekie ter ondersteuning van die Skrifstudie, wat altyd voorop staan, gebruik.

Lidmate sluit spontaan en vrywillig by hierdie Bybelstudiegroepe aan. Die groepe het dit ten doel om gelowiges verder toe te rus en te laat groei in hul geloofslewe.

Ons hoop dat elke lidmaat, al is dit in sy of haar binnekamer, besig sal wees om die Woord van die Here te ondersoek. Kennis van die Woord bring ons immers tot dieper kennis van God.

Kontakpersoon: **Ds Kobus Botha**

Terug na Inhoud

LESOTHO-UITREIKAKSIE

Sending word reeds sedert 1975 in Lesotho beoefen. Sedertdien het die naam verander na die Lesotho-Uitreikaksie.

Daar is twee gemeentes in Lesotho:
1. DIE GK BETHEL (in Mafeteng)
Die gemeente het hul eie kerkgebou wat gedurende weeksdae as ‘n skool gebruik word. Daar is ook ‘n pastorie op die terrein. Die kerkraad en diakens funksioneer selfstandig. Hierdie gemeente bedien ook ‘n wyk in Maseru wat oor hul eie kerkgebou en pastorie beskik.

2. DIE GK THABA KHUBETSOANA (Mohaleshoek)
Die kerkgebou is in ‘n kleiner gemeenskap geleë en word gepoog om die kerkraad tot selfstandigheid te lei.

Ds Mokoena was vóór emiritering vir ‘n geruime tyd predikant van die twee gemeentes. Hy was tot op ’n hoë ouderdom nog behulpsaam by die gemeentes. So ook ds Johan Breedt wat ook ‘n belangrike rol in die prediking en toerusting van die gemeentes gespeel het en onlangs oorlede is. Die lidmate is hoofsaaklik vrouens en kinders aangesien die mans in Maseru of Suid-Afrika werk.

Eenkeer per maand word albei gemeentes besoek. Jaarliks gedurende Augustus lê die Belydenisklas besoek daar af. Lidmate van ons gemeente is baie welkom om enige besoek mee te maak!
Sameroeper: **Oudl Dirk Coetzee**

Terug na Inhoud

KERKLIKE BYDRAES

Met ons finansiële kerklike bydrae wil ons ons dankbaarheid teenoor die Here betoon.

Die Kerkraad gee slegs ‘n riglyn waarvolgens lidmate die bedrag van hul kerklike bydrae kan bepaal. Die riglyn is dat elke lidmaat **3%** **van sy/haar bruto-inkomste** vir dié doel sal afsonder.
Met die gewone kerklike bydrae moet die Kerkraad alle finansiële verpligtinge nakom, soos die instandhouding van die erediens en die onderhoud van eiendom. Verder maak Ramings aan die Administratiewe Buro, Part Sinode en Klassis ‘n groot deel daarvan uit. Die Ramings beloop ongeveer R600 per belydende lidmaat per jaar. Dit wil sê ongeveer R50 per maand per belydende lidmaat.

Op die afdrakoevert verskyn daar slegs een kolom naamlik Kerkkas, onder die hofie *Bydrae*. Indien ‘n lidmaat graag vir ‘n ander instansie bo en behalwe sy kerklike bydrae iets wil skenk (bv Bybelverspreiding, Kinderhuis, Lesotho, ens), kan hy/sy dit onder *Ander* aanteken. Die Kerkraad sal uit dié inkomste en ook die opbrengste van die deurkollektes bydraes aan ander instansies maak.

Teen die einde van elke maand ontvang die wyksouderling ‘n volledige lys van al die lidmate in sy wyk se bydraes, asook die koeverte wat hy aan die lidmate oorhandig. Dit dien as ’n kwitansie. **Bydraes word in die maand vir die betrokke maand afgedra.**

BANKBESONDERHEDE VIR ELEKTRONIESE INBETALINGS OF DEBIETORDERS:

BESONDERHEDE BY DIE KERKKANTOOR BESKIKBAAR

Terug na Inhoud

Die Lidmaat**getalle** op 31 Maart 2015 is soos volg:

Belydende lidmate	526

Dooplidmate	99
Totaal	**625**

[Dit is 'n afname van ongeveer 1,1% vergeleke met 2014]

Ouderdomsgroepering van lidmate soos op 31 Maart 2015

Ouderdom	Aantal	%
00-09	41	6.8
10-19	87	14.3
20-29	96	15.8
30-39	58	9.5
40-49	73	12.0
50-59	73	12.0
60-69	77	12.7
70-79	69	11.3
80-89	30	4.9
90-99	4	0.7
TOTAAL	608	100.0

Die getalle van die verskillende **geslagte** is as volg:

Dooplidmate	42 manlik, 45 vroulik
Belydende lidmate	234 manlik, 292 vroulik
TOTAAL	229 manlik, 337 vroulik

Verhouding van 44,6:55,4 :: manlik:vroulik

Ses en veertig persent van die Gemeente se lidmate is jonger as 40 jaar en 58.4% is jonger as 50 jaar. Sedert 2014 het die Gemeente dus effens ouer geword.

Terug na Inhoud

EGSKEIDINGGESPREKFORUM/DIVORCE CARE/DIVORCE FOR KIDS

Ervaar jy die trauma van 'n egskeiding of 'n verhouding wat verbreek is ?
Kom sluit by 'n groep aan wat weekliks vir 13 weke bymekaar kom en ervaar dat ander persone dieselfde beleef. Vir twee ure kan jy in 'n warm en ondersteunende atmosfeer saam gesels om te herstel van 'n moeilike tyd in jou lewe. Daar is beslis 'n toekoms na 'n egskeiding !

Indien jy reeds lank geskei is, sal daar steeds oomblikke wees wat jou herinner aan jou egskeiding. Jy is ook welkom om te kom.
Kinders, jonk en oud, ervaar ook geweldige trauma wanneer hul ouers skei. 'n Groep van kinders tussen 5 jaar tot 12 jaar kom terselfde tyd ook bymekaar. Bring jou kinders saam.

DIVORCE Care

DC4K DivorceCare for Kids

Divorce Care en **Divorce Care for Kids**(DC4K) se programme word gebruik as hulpmiddele.

Let wel:

1. ***Dit is nie 'n man- of vrou soek klub nie. Die fokus bly steeds om te herstel van jou egskeiding !***
2. ***Geen berading word gedoen nie. Fasilitering word deur persone gedoen wat ook 'n egskeiding beleef het !***

Begin datum:
Dinsdag 4 Augustus 2015 **Tyd:** 18h00

Koste:
Volwassenes R120.00;
Kinders: R30.00
(werksboeke ingesluit)

Plek:
Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Noord
h/v Dealweg & Kiplingstraat, Dan Pienaar
Kontak: ***Dirk selfoon: 082 784 1993***

GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-NOORD
50 JAAR VAN GENADE

Terug na Inhoud

REGISTRASIEVORM OP VOLGENDE BLADSY

Terug na Inhoud

GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-NOORD
50 JAAR VAN GENADE

REGISTRASIEVORM

DATUM: .....

1. DIVORCE CARE

DIVORCE Care

Noemnaam: ..... Van:.....

Volle name: .....

Id nr: .....

Woonadres: .....

Posadres: ..... Poskode: .....

Selfoon nr: ..... Werk telefoonnr: .....

E-pos adres: .....

Kerkverband: .....

Rede van egskeiding: .....

2. DIVORCE CARE FOR KIDS(DC4K)

DC4K DivorceCare for Kids

Naam van kinders:

1. ..... Geboortedatum: .....

Skool: .....

2. ..... Geboortedatum: .....

Skool: .....

Koste:

Volwassenes: R 120.00 (werksboek ingesluit)
Kinders: R 30.00 (werksboek & ander materiaal ingesluit)

Kontak besonderhede:

Dirk Coetzee ***Selfoon nr****: 082 784 1993 -* ***e-pos****: dirk@cheetahprop.co.za -* ***Faks nr:*** *086 670 9552*

Bankbesonderhede vir voorafbetalings beskikbaar by Dirk.